basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## EKONOMIE V1

## 2017

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) neer, kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) oor die letter (A–D) van jou keuse in die ANTWOORDEBOEK.

**VOORBEELD:**

| ***1.1.9*** | **A** | **B** | **C** | ~~**D**~~ |
|---|---|---|---|---|

1.1.1 Die ekonomiesekringloop-model van 'n oop ekonomie toon die funksionering van 'n ekonomie wat die … sektor insluit.

A openbare
B sake-
C buitelandse
D huishoudelike

1.1.2 'n Diagram wat uitbreidings- en inkrimpingsperiodes van ekonomiese aktiwiteite toon, word 'n … siklus genoem.

A sake-
B ekonomiese
C produktiwiteit-
D inflasionêre

1.1.3 Die verwydering van onnodige beperkings deur wetgewing staan as … bekend.

A regulering
B deregulering
C sentralisasie
D desentralisasie

1.1.4 Die term wat gebruik word om 'n land se uitvoerpryse met sy invoerpryse deur middel van indekse te vergelyk, staan as … bekend.

A betalingsbalans
B ruilvoet
D handelsbalans
C wisselkoers

1.1.5 'n Voorbeeld van 'n sosiale aanwyser is …

A onderwys.
B sakevertroue.
C indiensneming.
D produksie.

1.1.6 'n Styging in die reële waarde van produksie in 'n land staan as ekonomiese … bekend.

A ontwikkeling
B groei
C integrasie
D vooruitgang

1.1.7 Watter strategie het misluk in sy doelwit om teen 2014 armoede en werkloosheid te halveer?

A Nuwe Groeiplanraamwerk (NGPR)
B Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP)
C Versnelde en Gedeelde Groei-inisiatief vir Suid-Afrika ('AsgiSA'/VGGI-SA)
D Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP)

1.1.8 'n Spesiaal geboude nywerheidspark, wat fisies omhein en met 'n internasionale hawe of lughawe gekoppel is, staan as 'n … bekend.

A korridor
B spesiale ekonomiese sone (SES)
C nywerheidsontwikkelingsone (NOS)
D geïntegreerde ontwikkelingsplan (GOP) (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Huishoudings | A boete of straf wat deur een land op 'n ander land gelê word vir een of ander oortreding |
| 1.2.2 Nasionalisering | B daling in die waarde van die rand ten opsigte van die pond as gevolg van markkragte |
| 1.2.3 Devaluasie | C oordrag van eienaarskap van die privaat sektor na die openbare sektor |
| 1.2.4 Sanksies | D bestaan uit ondernemings wat dieselfde soorte produkte produseer |
| 1.2.5 Tegnologie | E verhouding tussen uitset in die ekonomie geproduseer en die inset gebruik om dit te produseer |
| 1.2.6 Nywerheid | F nuwe wetenskaplike kennis in die vorm van uitvindings en vernuwings |
| 1.2.7 Lewenstandaard | G eienaars van die produksiefaktore |
| 1.2.8 Produktiwiteit | H uitgedruk deur die reële BBP per capita, lewensverwagting en vlak van geletterdheid |
| | I doelbewuste vermindering in die waarde van 'n geldeenheid ten opsigte van 'n ander geldeenheid |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 'n Besigheid wat volkome of gedeeltelik deur die staat besit word en deur 'n openbare owerheid bestuur word

1.3.2 Die strategie wat deur die Reserwebank gebruik word wat fokus op die hoeveelheid geld in die ekonomie

1.3.3 Die waarde van 'n land se geldeenheid verruil vir 'n ander geldeenheid

1.3.4 Proses waardeur mense van landelike gebiede na dorpe en stede trek

1.3.5 Arbeidsmag van die ouderdom van 16 tot 60 jaar

1.3.6 Wêreldwye interaksie van ekonomieë met handel as 'n belangrike element (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE lekkasies uit die ekonomiese kringloop. (2 x 1) (2)

2.1.2 Watter voordeel sal die staat trek uit die verkoop van nie-winsgewende ondernemings in staatsbesit? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKA SE BRUTO BINNELANDSE PRODUK (BBP) – 2016**

| | **R miljoen** |
|---|---|
| Vergoeding van werknemers | 1 892 721 |
| Netto bedryfsurplus | 1 065 200 |
| Vastekapitaalverbruik | 560 397 |
| **Bruto waarde toegevoeg teen faktorkoste** | **3 518 318** |
| Ander belastings op produksie | 81 307 |
| Ander subsidies op produksie | 9 813 |
| **Bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse** | **3 589 812** |
| Belasting op produkte | **438 785** |
| Subsidies op produkte | 15 005 |
| **Bruto binnelandse produk teen markpryse** | **4 013 592** |

[Aangepas uit die *SARB Kwartaallikse Bulletin*, Junie 2016]

2.2.1 Noem die metode wat gebruik is om die BBP in die tabel hierbo te bereken. (2 x 1) (2)


2.2.2 Beskryf kortliks die term *bruto binnelandse produk.* (2)

2.2.3 Wat is die vernaamste doelwit van subsidies op produksie? (2)

2.2.4 Bereken vastekapitaalverbruik as 'n persentasie van die BBP teen faktorkoste. Toon ALLE berekeninge. (4)

2.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKA SE NASIONALE BEGROTING – 2016/17**




[Aangepas uit die 2016-Begrotingsrede]

2.3.1 Identifiseer EEN vorm van indirekte belasting in die inligting hierbo. (1)

2.3.2 Watter tipe belasting sal die grootste bydrae tot die staatsinkome in die 2016/17 finansiële jaar lewer? (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *begroting*. (2)

2.3.4 Gee EEN rede hoekom die regering belasting (aksynsregte) op nie-merietegoedere gedurende die 2016/17 finansiële jaar verhoog het. (2)

2.3.5 Hoe sal 'n styging in maatskappybelasting ekonomiese groei negatief beïnvloed? (2 x 2) (4)

2.4 Verduidelik *natuurlike hulpbronne* en *spesialisasie* as oorsake van internasionale handel. (2 x 4) (8)

2.5 'n Internasionale maatskappy belê R5 miljoen in 'n sakeonderneming in Suid-Afrika. Bereken die vermenigvuldigereffek van hierdie belegging op ons ekonomie as die marginale spaargeneigdheid (msg) 0,6 is. Toon ALLE berekeninge. (8)

**[40]**


**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem TWEE aanwysers wat met produksie verband hou. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoekom fokus die Suid-Afrikaanse regering op klein sakeondernemings om ekonomiese groei te bevorder? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




'Die ontwikkelingsgaping tussen die Noorde en die Suide het 'n probleem geword wat die hele wêreld moet bestuur.' Hierdie stelling is ietwat uitgedien, omdat die gaping tussen die ryk en die arm lande besig is om oorbrug te word.

Geleenthede vir meer gelyke handel en kapitaalvloei het sommige ontwikkelende lande die geleentheid gegee om vinniger te ontwikkel. Die beskikbaarheid en gebruik van moderne tegnologie in landbou en vervaardiging en handelsooreenkomste, soos die Wet op Groei en Geleenthede in Afrika ('AGOA'), het verdere waarde aan die algehele verandering toegevoeg.

[Aangepas uit *SAIRR*, Oktober 2016]

3.2.1 Watter handelsooreenkoms het ontwikkelende lande gunstige uitvoergeleenthede gegee? (1)

3.2.2 Identifiseer, in die inligting hierbo, hoe tegnologie vir die bekamping van armoede gebruik kan word. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die uitwerking van aktiwiteite in die Noorde (Noord-Suid-verdeling) op die wêreldomgewing. (4)

3.2.4 Na jou mening, hoe kan lande in die Suide die probleem van onderontwikkeling oplos? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**WERKSKEPPING IN PRIVAAT SEKTOR BLY SWAK**

Die werkloosheidskoers was teen die einde van 2015, 24,3%. Langtermynwerksoekers maak 66% van die werkloses uit. Dit dui op die ernstige gevolge van langdurige uitsluiting uit die arbeidsmark of vaardighede en indiensneming.

Werkskepping in die privaat sektor bly swak. Die openbare sektor het in 2014, 59% tot 88% van die werkgeleenthede bygedra, waarvan die meeste in openbarewerke-programme, ondernemings in staatsbesit en plaaslike regering was.

In die ontwikkelende lande bly werkloosheid steeds die belangrikste oorsaak van armoede.

[Aangepas uit 2015-Begrotingsoorsig]

3.3.1 Volgens die uittreksel hierbo, watter sektor het in 2014 die meeste werk geskep? (1)

3.3.2 Identifiseer die belangrikste oorsaak van armoede in die uittreksel. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *werkloosheid*. (2)

3.3.4 Hoekom word die hoë indiensnemingskoers deur die openbare sektor soms as 'n probleem beskou? (2)

3.3.5 Wat kan die privaat sektor doen om indiensneming in Suid-Afrika te verhoog? (2 x 2) (4)

3.4 Bespreek kortliks streeksontwikkeling in Suid-Afrika en gebruik mededingendheid en volhoubaarheid as bestepraktyk-kriteria (normkriteria). (2 x 4) (8)

3.5 Hoe speel die Internasionale Monetêre Fonds en die Verenigde Nasies, as internasionale organisasies, 'n rol in die standaardisering van die aanwysers van lidlande? (8)

**[40]**


**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE markte wat deel van die ekonomiese kringloop vorm. (2 x 1) (2)

4.1.2 Wat sou die invloed op ekonomiese ontwikkeling wees indien die bevolking sou toeneem sonder 'n styging in die reële bruto binnelandse produk (BBP)? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Aangepas uit Google Images]

4.2.1 Identifiseer TWEE ekonomiese aanwysers in die spotprent hierbo. (2 x 1) (2)

4.2.2 Beskryf kortliks die term *resessie*. (2)

4.2.3 Hoe sal die aanvanklike stadiums in 'n ekonomiese afswaai rentekoerse in Suid-Afrika beïnvloed? (2)

4.2.4 Wat kan die Suid-Afrikaanse Reserwebank doen om ekonomiese groei in die land te verhoog? (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID (DHN)**
**VIR EKONOMIESE GROEI IN SUID-AFRIKA**

Die DHN glo in die vermoë om die ekonomie te laat groei, werkloosheid te verminder en die gelyke verdeling van ekonomiese aktiwiteit te bevorder.

In hul jaarlikse verslag het die Departement van Handel en Nywerheid die implementering van die vyf kernbeleidsinisiatiewe om ekonomiese groei te ondersteun, beklemtoon:

- Nasionale Nywerheidsbeleidsraamwerk (NNBR)
- Nywerheidsbeleid-aksieplan ('IPAP')
- Die finalisering van sektorale inisiatiewe in die nywerheid, byvoorbeeld outomobiele
- Die Outomobielproduksie- en Ontwikkelingsprogram ('APDP')
- Die Kleding- en Tekstiel-mededingendheidsprogram ('CTCP')T

[Aangepas uit die *DHN-Jaarverslag: 2015*]

4.3.1 Identifiseer EEN kernbeleidsinisiatief in die uittreksel hierbo wat deur die Departement van Handel en Nywerheid ontwikkel is. (1)

4.3.2 Volgens die uittreksel, wat is die hoofdoelwit van die Departement van Handel en Nywerheid? (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die doelwitte van die Nasionale Nywerheidsbeleidsraamwerk. (2 x 2) (4)

4.3.4 Hoe sou hierdie kernbeleidsinisiatiewe die groei van die Suid-Afrikaanse ekonomie ondersteun? (2 x 2) (4)

4.4 Bespreek kortliks *verdeling van inkome (ekonomiese gelykheid)* en *prysstabiliteit* as makro-ekonomiese doelwitte. (2 x 4) (8)

4.5 Hoe kan die regering aansporings gebruik om nywerheidsontwikkeling aan te moedig? (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is 'n laerorde-antwoord.<br>• 'n Goeie beginpunt is om die hoofterm, wat met die vraagonderwerp verband hou, te definieer.<br>• Moenie enige deel van die vraag in jou inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal nie.<br>• Vermy om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/ Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik<br><br>**Addisionele deel:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/ Trek 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/ Debatteer kortliks/Hoe/Maak voorstelle | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>• 'n Kort samevatting van dit wat alreeds bespreek is, sonder om feite wat alreeds genoem is, te herhaal<br>• Enige mening of waardeoordeel van die feite wat bespreek is<br>• Addisionele ondersteuningsinligting wat die bespreking/analise versterk<br>• 'n Opponerende sienswyse met motivering, indien verlang<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

Suid-Afrika se internasionale handelsbeleid bestaan uit uitvoerbevordering en invoervervanging.

- Bespreek *uitvoerbevordering* as deel van Suid-Afrika se internasionale handelsbeleid onder die volgende opskrifte:
  - Redes (8)
  - Metodes (8)
  - Nadele (10) (26)
- Ontleed die argumente ten gunste van 'n vryhandelsbeleid. (10) **[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

Ten einde ekonomiese groei en ontwikkeling te bereik, word die regte benadering vereis.

- Ondersoek die *vraagkantbenadering* tot groei en ontwikkeling in Suid-Afrika. (26)
- Evalueer die sukses van 'AsgiSA'/VGGI-SA en Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) as owerheidsinisiatiewe om groei en ontwikkeling te bevorder. (10) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**